
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word

Geloof is uit die gehoor
en die gehoor is deur die Woord
van God Rom. 10:17



Faith cometh by hearing
and hearing by
the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411
WEBSITE: www.stangerchristiancentre.com E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com

SPREEK LEWE

In Engels word gesê dat "Talk is cheap," maar dit is onwaar, omdat woorde onmisbaar vir ons lewe en die lewens rondom ons is. Ons woorde behoort met sout besprinkel te wees. **Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord (Kol. 4:6).** Dit moet woorde wees wat opbou, woorde wat lewe bring, woorde wat in lyn met God se Woord is. Inspanning is nodig om jou tong te beheer en die woorde wat jy spreek. Dit beteken dat ons sal moet dink oor wat ons gaan sê, **voordat** ons ons monde oopmaak. Dit verg vooruit dink en dissipline, maar dit is die moeite werd, want die resultaat van ons woorde is of lewe of dood.

Selfs wanneer dit by die belangrikste besluit van jou lewe kom, wat jou verlossing is, plaas jou woorde die seël op die verbond. Lees Romeine 10:9-10: **"... met jou mond ..... sal jy gered word." "Met die mond bely ons tot redding."** Dit is dieselfde wanneer 'n bruid en bruidegom voor 'n prediker staan wat hul huwelik uitvoer, hy kan hulle nie as man en vrou bevestig nie totdat elkeen **Sê,** ek neem hierdie man of hierdie vrou aan as my wettig getroude man of vrou. Voordat die woorde nie uitgespreek word nie, is die huwelik ongeldig en so is dit met die aanneming van Jesus Christus as Here en Verlosser, ons moet in ons hart glo en dit dan BELY, ons moet dit wat ons glo hardop Sê. **As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding (Rom. 10:9-10).** Ons Verlossing hang af van die "glo met die hart" – dit is geloof – en dan " sê hardop" wat ons glo! Dit is 'n geestelike beginsel om elke belofte wat God ons in Sy Woord gegee het te ontvang, glo en dan verklaar wat ons glo!

Dit herinner my aan die wysheid in die openbaring wat die Here aan 'n prediker van die Evangelie gegee het en wat dit weer aan my vertel het. Hy het gesê dat die Here met hom gepraat en gesê het: **"Ek het vir My kinders gesê dat hulle kan kry wat hulle sê, maar hulle sê altyd wat hulle het."** Dit mag vergesog klink, maar dit is waar dat ons woorde die Woord van God kan teenstaan, hulle veg dikwels teen die wonderlike beloftes van die Bybel. Salomon het gesê: **"Verstrik is in die woorde van jou mond, gevang is deur die woorde van jou mond" (Spr. 6:2).** Jesus het gesê: **"Want uit jou woorde sal jy geregverdig word, en uit jou woorde sal jy veroordeel word" (Matt. 12:37).**

God se Woord is vol wonderlike beloftes wat die erfenis is vir Sy kinders wat gehoorsaam is aan die voorwaardes van daardie beloftes. Besef jy dat as jy die teenoorgestelde bely van hierdie beloftes met pessimistiese, negatiewe woorde van swakheid en mislukking, jy onbewustelik sondig! Om dit te vererger verheerlik jy in werklikheid die duiwel, omdat jy met jou mond verklaar dat sy krag eintlik groter is as die mag van God. Kan jy die gevaar sien van woorde wat deur ongedissiplineerde lippe gespreek word? Lewe en dood is in die mag van die tong (woorde). Ons moet die regte spraak gewoontes ontwikkel om die oorwinning te ontvang!

Daar word gesê dat **gewoontes** ons **lewens** regeer, maar netso waar is dit dat ons **woorde** ons **gewoontes** regeer. Woorde kan die pad wat jy kies bepaal; die pad van neerlaag deur na die leuens van die duiwel te luister en dit te verklaar, of die pad wat God vir jou voorberei het – een van liefde, vrede, blydskap en Sy voorsiening. **Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en**

nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee (Jer. 29:11).

Dit sal 'n lewenswyse word as jy jouself oefen om God se Woord te spreek en te verklaar, die taal van die Bybel, en jy sal die blydskap en die oorvloedige lewe ondervind waarvoor Jesus gekom het om aan ons te gee, vry van die gebondenheid wat ons dikwels van God se seëninge beroof het. Hierdie seëninge van blydskap, vrede, gesondheid, vryheid, krag en oorwinning hang af van jou geloof en woorde wat in ooreenstemming met die Woord van God is. Ons word belowe in Joh. 8 vers 32 dat as ons in die Woorde van Jesus bly en Sy Woord in ons bly, is ons waarlik Sy dissipels en ons sal die waarheid ken, wat ons sal vrymaak. As ons siek is en ons in die woorde van **1 Pet 2:24** bly sal ons met geloof-gevulde harte kan sê: **"Deur wie se wonde ek genees is."** As ons swak en hulpeloos voel, sal ons sê: **"Die HERE is my lig en my heil" Eng: "The Lord is the strength of my life"** volgens Sy Woord in **Psalm 27:1** wat in my bly. As jy vol vrees en angs is of een of ander soort versoeking weerstaan, verklaar God se Woord wat sê: **"Groter is Hy wat in my is as hy wat in die wêreld is."** As jy 'n behoefte het verklaar: "**My God sal in elke behoefte van my voorsien"(Fil. 4:19)**.

Jou siekte sal in gesondheid verander, jou onsekerheid in vrede en versekering, jou vrees sal in vertroue verander, jou materiële behoefte sal meer as genoeg wees omdat God die geloof in jou hart en die belydenis van jou mond eer in ooreenstemming met Sy Woord.

In Ef. 4:27 beveel God ons om, **"geen plek vir die duiwel te gee nie."** Dit beteken dat ons sondige, oneerlike handelinge en houdings in ons lewens moet herken en daarmee deel, omdat dit aan Satan 'n vesting sal gee. Om onvergifnis teenoor enigeen te koester sal ons gebede belemmer, omdat God in Sy Woord in **Matt. 6:14-15** sê: **Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie.** Wat ook al die boesemsonde in jou lewe is, bely dit, het berou daaroor en vra die Here se vergifnis vir dit en Hy belowe om jou te vergewe. **As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig (1Joh. 1:9).**

Een van die algemeenste maniere waardeur Christene plek aan die duiwel gee is deur onbedagsame en negatiewe woorde. Woorde wat fout vind, woorde wat bedrieg en woorde wat afbreek en kritiseer is almal vernietigend vir ons geestelike lewens, hulle is werklik die duiwel se taal en doen oneindige skade. Wees bedag op jou woorde, kies hulle versigtig, want hulle bring of 'n seën of 'n vloek. **Spr.**18:21 sê vir ons dat: Dood en lewe is in die mag van die tong; en elkeen wat dit graag gebruik, sal die vrug daarvan eet. Hy wat sy mond en sy tong bewaar, bewaar sy siel van benoudhede (Spr.21:13).

God gee aan ons oorwinning – nie neerlaag nie. Lees, mediteer oor **2 Kor.2:14** en verklaar dit aanhoudend totdat dit jou hart en denke oorspoel sodat dit deur al jou woorde en dade manifesteer. Dit sê, **"Maar God sy dank wat ons altyd laat triomfeer in Christus."** Verklaar dit hardop! Juig en verklaar dit vir almal om te hoor. Miskien voel jou omstandighede op die oomblik oorweldigend, te moeilik om te dra en jy ondervind nederlaag, jy moet egter nou 'n keuse maak! Gaan jy jou lewe volgens die Woord van God leef, met ander woorde, gaan jy gehoorsaam aan die Woord van God wees, gaan jy jou lewe volgens die Woord van God leef of volgens jou gevoelens en jou omstandighede?

Ons het dalk in die verlede gewonder wat Jesus werklik bedoel het toe Hy gesê het in **Matt. 4:4**: **"Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. "** Maar in Sy Lig sien ons dat ons letterlik uit die Bybel moet leef, wat die Brood van die Lewe is, sodat ons krag kan verkry om in elke situasie wat die lewe na ons kant toe bring oorwinnend te kan wees. God sê in **Heb. 10:23**: **"Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou."** Wanneer ons moeilike omstandighede en beproewinge in ons lewens ondervind, laat ons die belydenis van ons geloof spreek en verklaar sonder om te weifel, omdat oorwinning verseker sal volg. Die duiwel saai hopeloosheid, verwarring en twyfel in ons harte sodat ons God se beloftes bevraagteken. Satan val altyd ons geloof in God en Sy Woord aan.

Ons moet geen vrees vir ons vyand hê nie, omdat Jesus vir ons die oorwinning oor Satan aan die kruis gewen het en hom daardeur vir eens en altyd verslaan het, maar ons moenie die duiwel onderskat nie! Hy is 'n slim, sluwe teenstander en een van sy strategieë is om ons te kry om op die probleem eerder as op die Woord van God te fokus. As hy suksesvol is, dan praat ons negatief, kyk na die natuurlike, die fisiese, in plaas van na wat God se Woord oor die situasie sê. Hou in gedagte dat die duiwel 'n leuenaar is en soek om te steel, dood te maak en te vernietig (Joh. 10:10) en as jy woorde spreek wat in ooreenstemming is met sy leuens sal jy nederlaag ondervind. Hy is die vernietiger.

Dit gee soveel hoop en blydskap aan die luisteraar wanneer ons 'n lewegewende toespraak hoor wat ons Here verheerlik en dank vir alles wat Hy gedoen het! Dink net hoe jou geloof opgebou word wanneer iemand van 'n wonderwerk getuig. Wat 'n wonderlike geleentheid is dit vir Christene om God te loof en ander te bemoedig in hul geloof wanneer hulle vertel van God se wonderwerke en voorsiening. Dit is egter jammer dat dit

vandag so selde in kerke plaasvind, omdat "getuienis tyd" die harte van die gemeentelede ophef en hul geloof versterk.

Ons kommer en gekerm, elke dag, oor ons moeilike omstandighede sal nie die situasie help nie. GOD HET ONS SY BELOFTES IN SY WOORD GEGEE – beloftes om te glo en te verkondig sodat al ons probleme, beproewinge en demoniese aanvalle oorkom kan word sodat ons in gesondheid en in Sy voorsiening kan leef, maar te dikwels kies ons om in ons eie krag en wêreld se wysheid te worstel. Ons moet Sy kosbare beloftes vasgryp en dit ons eie maak deur hulle te glo en hulle dan uit te roep!

Wanneer jy aanhoudend met ander oor jou probleme praat, vereer dit nie vir God nie. Satan is die outeur van hierdie probleme so gee aan hom geen eer! Vir die kind van God is daar net een manier om die duiwel te oorwin en dit is deur die Woord van God te spreek. In plaas van om negatief en oorwonne te praat, herinner Satan aan God se Woord. Wanneer gevra word hoe jy voel, antwoord jy dat jy die Here glo vir die oorwinning, of die genesing, of die oplossing vir die probleem wat dit ook al mag wees en dat jy op die beloftes van God staan. Dit is werklik waar en is in ooreenstemming met God se Woord.

Onthou hoe Jesus veertig dae in die woestyn deurgebring het, gevas het en hoe Satan Hom drie keer versoek het? Elke keer het Jesus hom met die woorde weerstaan: **"Daar is geskrywe,"** en dan Sy Vader se Woord verklaar het(Matt 4:10). Satan is verslaan deur die Bloed van die Lam van God en deur Sy Woord. Ons lees in **Openb. 12:11: En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.** Die woord van hulle getuienis was hul verklaring van hulle geloof in God en Sy Woord – daar is absoluut geen ander manier om Satan te oorwin nie, omdat ons 'n geestelike geveg veg.

Wanneer jy swaar belas is, moenie ander vertel nie, vertel die Here! Ten slotte sê Hy in **Psalm 55:23: Werp jou sorg op die HERE, en Hy sal jou onderhou; Hy sal nooit die regverdige laat wankel nie.**

Wanneer twyfel kom gaan na Hom Wie **die Leidsman en Voleinder van jou geloof is (Heb. 12:2).** Koning Dawid het dikwels tot die Here uitgeroep in tye van nood. Sy gebede is in die Psalms. God sê van Dawid dat hy "die appel van Sy oog" is omdat hy 'n intieme verhouding met sy God gehad het, een van intiemheid, van eerlikheid en openlikheid en daar was geen geveinsdheid. Jy kan buitendien niks vir Vader God wegsteek nie – Hy weet alles van jou en Hy het jou onvoorwaardelik lief – maar Hy wil hê dat jy meer en meer soos Jesus moet word. Koning Dawid was hartstogtelik in sy liefde vir die Here. Jy vind dat as jy oor geloof praat in God se Woord en vertel van al die seëninge wat uit Sy Vader hand kom, jou hart opgehef word en voel jy Sy blydskap vul jou opnuut. God se Woord versterk jou, gees, siel en liggaam.

Een van die magtigste geestelike dinge wat jy kan doen is om God te prys te midde van Satan se aanval. Dit mag vir jou moeilik lyk om dit te doen wanneer jy deur 'n slegte aanval van die vyand gaan, maar om God te prys, ten spyte van die aanval, wen die geveg, omdat God die lofprysing van Sy volk bewoon en om Hom te prys is die uiterste demonstrasie van jou geloof in Sy mag om jou die oorwinning te gee! Wanneer die vyand soos 'n vloed in kom of dit is om jou huis, werkplek, verhoudings, liggaam, denke, finansies, of wat ook al aan te val, weet dan dat dit is wanneer jy God moet prys en verheerlik soos nooit tevore nie! Dit is wat Paulus en Silas in die tronk gedoen het. Ons lees in **Hand. 16:25-26: En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister. En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat die fondamente van die gevangenis geskud het. En onmiddellik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak.**

En in Psalm 149 sien ons hoe dieselfde beginsel van om God te prys bevestig word: **Lofverheffinge van God is in hulle keel, en 'n tweesnydende swaard in hulle hand; om wraak te oefen onder die heidene, strafgerigte onder die volke; om hulle konings met kettings te bind en hulle edeles met ysterboeie; om 'n vonnis wat opgeskrywe is, aan hulle te voltrek. 'n Eer is dit vir al sy gunsgenote! Halleluja! (Ps. 149:6-9)** Hier vind ons weer dat ons die vyand bind met die tweesnydende swaard (God se Woord) en ons lof verheffinge in ons mond!

Psalm 150:6 sê **"Laat alles wat asem het die Here loof ".** Ons moet verseker ons versoeke aan God bekend maak, maar Hy sê nie dat ons moet sug en kla en kerm wanneer die geveg aan die gang is en ons verdrukking, mislukking, beproewing en siekte ondervind nie. Dit is wanneer, in die natuurlike, dit vir ons die moeilikste ding is om te doen as gevolg van die moeilike situasie wat ons ondervind dat ons die Here moet prys – **nie VIR die omstandighede, maar TEN SPYTE VAN die omstandighede.** Gebruik jou stem om God te prys en te dank vir al die ander seëninge in jou lewe wat Hy aan jou gegee het en vir die oorwinning wat op pad is en jy sal 'n verkwikking van hernude moed en blydskap in jou siel hê omdat ons reeds gesien het, **"God woon onder die lofsange van Israel" (Ps. 22:3).**

Koning Dawid het verstaan dat God 'n rein hart en 'n vernuwende gees vereis om die blydskap van die Here te ondervind. **Skep vir my 'n rein hart, O God, en gee opnuut in die binneste van my 'n vaste gees (Ps. 51:12).** Dieselfde is waar vir elkeen van ons lewens vandag. Die wêreld sal dadelik sien of jy opreg is in jou wandel met die Here. As jou hart egter onrein is is jou gees nie vernuwe nie, en het jy geen blydskap van die Here nie, mense sal jou "kerk toe gaan" en jou "goeie dade" sien as slegs skynheiligheid! Maar wanneer die

blydskap van die Here uit jou hart opborrel, oor jou lippe vloei, sal hulle iets spesiaal in jou lewe sien wat hulle begeer. Almal is soekend na God se vrede en blydskap. **WANT UIT DIE OORVLOED VAN DIE HART PRAAT DIE MOND (Matt. 12:34).**

Geliefde daar is geen verskoning om 'n teenstrydige getuie vir die Here te wees nie. Die Woord sê: **Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug (Jak. 4:7).** GEBRUIK DIE GEESTELIKE WAPENS WAT GOD JOU GEGEE HET.

Heb. 10:35-36 sê vir ons om: **Werp dan julle vrymoedigheid, wat 'n groot beloning het, nie weg nie.**

Want julle het lydsaamheid nodig, om, nadat julle die wil van God gedoen het, die belofte te verkry. Jy moet God se Woord hardop spreek en die duiwel weerstaan deur te sê "**Daar is geskryf....** dat as ek die duiwel weerstaan sal hy van my wegvlug. Nou weerstaan ek jou en ek beveel jou – in Jesus se Naam, vlug! Ek glo – en sal nie my vertroue in God en in Sy Woord verwerp nie!" Wanneer jy dit hardop sê, het jy net verklaar wat in Jak. 4:7 en Heb. 10:35-36 staan, en God sal Sy Woord eer.

Ons moet met God se Woord saamstem, Sy Woord gehoorsaam en verklaar wat God oor ons siekte, vrese, sorge en behoeftes sê. Ons moet die naam van Jesus Christus gebruik en God se Woord verklaar met die gesag wat Hy aan ons as ware gelowiges in Hom gegee het volgens Mark 16:17. Satan haat dit om te hoor hoe die Woord van God verklaar word, dit dwarsboom sy pogings en maak hom magteloos – dit is jou ammunisie teen sy aanvalle. Begin nou dadelik om van God se wonderlike beloftes in Sy Woord te memoriseer. Ongeag jou ouderdom, as jy gedetermineerd is om te slaag sal jy – want die Woord sê in **Fil. 4:13:Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee.** Waarom nie met hierdie een begin nie? Die Heilige Gees sal jou egter stelselmatig rig en lei na die Skrifte wat jy nodig het vir elke area waarin jy deur Satan aangeval word, en jy moet hulle persoonlik maak. Verpersoonlik die Skrifte deur "ek" en "my" te plaas in die plek waar daar "jy/ julle" staan. Dan is daar drie bepaalde dinge wat jy moet onthou, en hulle is as volg: Eerstens verklaar die toepaslike Skrif met vrymoedigheid en gesag, tweedens moet jy die Skrif as God se waarheid aanvaar en Hom daarvoor dank en laastens begin om Hom met luide, vreugdevolle lofprysing daarvoor te dank, selfs voordat jy die uitwerking daarvan sien! Vra God deur Sy Heilige Gees om vir jou Skrifte wat op jou bepaalde situasie van toepassing is te wys, lees die Skrifte dan baie keer en spreek hulle hardop uit. Geleidelik sal jy uitvind dat jy hulle memoriseer – hulle sal op jou hart geskryf word!

Soos jy vorder, sal jy vind dat jy 'n aantal Skrifte het wat jy kan verklaar wanneer jy dit nodig het. Hier is 'n paar wat ons tot dusver reeds genoem het:

Die Here plaas 'n wag voor my mond en bewaar die deur van my lippe, daarom is die woorde van my mond aanvaarbaar vir Hom (Psalms 141:3 en 19:15).

Die Here is my lig en my heil (Psalm 27:1).

Die oë van die Here is op my, en Sy ore tot my hulp geroep. Hy verlos my uit al my teëspoede (Psalm 34:16 en 20).

Die Here skep in my 'n rein hart en gee opnuut in my binneste 'n vaste gees. Hy gee my blydskap en 'n gewillige gees in my binneste sodat ek oortreders en sondaars Sy weë kan leer (Ps. 51:2-15).

Ek wandel in opregtheid, daarom gee Hy my alle goeie dinge (Ps. 84:12).

Ek leef nie van brood alleen nie, maar van elke woord wat uit die mond van God uitgaan (Matt. 4:4).

Ek ken die waarheid van U Woord en bly daarin, en die waarheid maak my vry (Joh. 8:32).

Jesus het gekom dat ek lewe in oorvloed kan hê, daarom leef ek 'n oorvloedige lewe (Joh. 10:10).

In elke area is ek meer as 'n oorwinnaar deur Jesus wat my liefhet (Rom. 8:37).

Ek glo dat God Jesus uit die dood opgewek het, ek glo dit in my hart en bely dit met my mond, daarom is ek gered (Rom. 10:9-10).

Ek gee aan die duiwel geen plek in enige area van my lewe nie (Ef. 4:27).

Ek sal geen tekort hê nie omdat God in al my behoeftes voorsien volgens Sy rykdom en heerlikheid in Christus Jesus (Fil. 4:19).

Deur Jesus se wonde is ek genees (I Pet. 2:24).

Ek is vry van enige invloed van Satan op my denke of my liggaam omdat Hy wat in my is groter is as hy wat in die wêreld is (I Joh. 4:4).

Ek kry presies wat ek sê, daarom sê ek net wat God sê oor my omstandighede (Mark. 11:23).

Ek glo in die Here Jesus Christus, daarom is ek en my huis gered (Hand. 16:31).

Ons behoort almal 'n opregte las te hê vir die wat Jesus nie as hul Here ken nie, deur by ons eie families te begin. Ons behoort 'n begeerte te hê om te sien dat verlore siele Jesus as hul Verlosser ontvang, en gered word uit die koninkryk van duisternis en oorgebring word in die Koninkryk van God. Sien dat hulle gered word van die hel en na die hemel gaan waar hulle die ewigheid met Vader God en Jesus Sy Seun sal deurbring. Slegs 'n vrymoedige en vreugdevolle Christen sal egter die hart van 'n ongeredde persoon kan aanraak. In hierdie tyd sien ons so baie hartseer en lyding oral rondom ons. Die wêreld is vol tragedie – maar die Bybel gee aan die kind van God die sleutel tot 'n lewe gevul met God se liefde, vrede, blydskap en oorwinning, as sy wandel en taal in lyn is met God se Woord – en dit is presies wat die in die wêreld na soek.

.

CHOOSE LIFE

The Bible tells us in the Book of Genesis: 1:26-27 that God made man in His image according to His likeness. He made man with a free will, which gives him the freedom to choose. Man's will is thus always controlled by man, God will not choose for you, and the devil has no control whatsoever over your will. God has denied him this! The choices you make are your responsibility alone, and you cannot blame anyone else for them. However God desires with all His heart for you to make the right choices as you go through life, and that you choose His will and ways for you, because they always result in LIFE! That sentiment is exactly what He expressed to His people in Deut. 30:19-20, when He said: **I call heaven and earth to record this day against you, that I have set before you life and death, blessing and cursing: therefore choose life, that both thou and thy seed may live: That thou mayest love the LORD thy God, and that thou mayest obey His voice, and that thou mayest cleave unto Him: for He is thy life, and the length of thy days: that thou mayest dwell in the land which the LORD sware unto thy fathers, to Abraham, to Isaac, and to Jacob, to give them.**

This truth puts a great responsibility upon us as we have been given the power of choice, and can therefore never blame the choices we make on anyone but ourselves. God also created man with the power of speech. We are able to communicate with God, and with one another, by our ability to speak. We are unique in this respect, no other living thing that God created has this ability, but man, for it is written that we have been created in the image and likeness of God. **Gen 1:26: And God said, Let us make man in our image, after our likeness:** God created us to have fellowship with us and to be worshipped by us, and for this we needed to be able to communicate with Him through speech. God desires our thanksgiving, praise and worship, and in order to do this, we must be able to speak. We use our tongue to glorify His Holy Name.

In Genesis chapter 1, we read the account of God's creation, and we see that everything He created was brought into existence by His spoken Word. In verse 3 God said: **Let there be light, and there was light.** In verse 6 God said: **Let there be a firmament in the midst of the waters, and let it divide the waters from the waters.** And it was so. In the same way He created land (verse 9), grass and trees (verse 11), the sun, stars and moon (verse 14 and 16) and living creatures (verse 20). This is a wonderful truth, and is a demonstration of the power that exists in the spoken Word of God! Jesus assured us that God's Word is forever established, and that heaven and earth will pass away, before one jot or tittle of His Word would pass away. (Matthew 5:18).

God created man lovingly and with the utmost care, the crown of His creation and formed him from the dust of the earth. Then God gave man this special ability, the power of speech. What a wonderful gift and how important to our lives. Man would also be able to communicate with and enjoy and establish relationships with others. The words he chooses to speak would influence and govern his life. Jesus said to His disciples : **For verily I say unto you, That whosoever shall say unto this mountain, Be thou removed, and be thou cast into the sea; and shall not doubt in his heart, but shall believe that those things which he says shall come to pass; he shall have whatsoever he says. (Mark 11:23)** This scripture confirms that what we say does affect our lives, therefore when we speak God's Word, we know we are speaking LIFE!

The Bible tells us that God's Word is ESTABLISHED - He always honours His Word. The Psalmist says: **For ever, O LORD, thy word is settled in heaven. (Psa. 119:89)**

His Word tells us that **God is not a man that He should lie, nor a son of man, that He should repent. Has He said, and will He not do it? Or has He spoken, and will He not make it good? Numbers 23-19.** These facts point to the marvellous truth that God is always faithful, His Word is completely dependable, it is living and it is powerful. **Hebrews 4:12: For the word of God is living, and powerful, and sharper than any twoedged sword, piercing even to the dividing asunder of soul and spirit, and of the joints and marrow, and is a discerner of the thoughts and intents of the heart.** God and His Word are One.

We read this amazing portion of scripture in the Gospel of John

chapter 1 that declares that Jesus is the Living Word: **In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. He was in the beginning with God. All things were made through Him, and without Him nothing was made that was made. And the Word became flesh and dwelt amongst us, and we beheld His glory, the glory as of the only begotten of the Father, full of grace and truth. (John 1:1,2,3,14)** We cannot even begin to imagine or fathom the Life, Light and Power that exist in His Word.

That is why we should take note of **Proverbs 4:20 – 22: "My son, attend to My words; incline thine ear unto My sayings. Let them not depart from thine eyes; keep them in the midst of thine heart. For they are LIFE unto those that find them, and health to all their flesh."**

Peter exhorts us in 1 Peter 4:11: **If anyone speaks, let him speak as the oracles of God……..**

I asked myself, how we can speak words like God? Then the Holy Spirit showed me in 2 Tim. 3 verse 16 that: **All Scripture is given by inspiration of God……..,**which means that every word in the Bible is God inspired. Then again, we are told in 2 Peter 1:21 **that scripture never came by the will of man, but Holy men of God spoke as they were moved by the Holy Spirit.** It is obvious from the above, that God has always intended for man to speak as He speaks, to use His Words in every given situation, to proclaim His truths which will produce LIFE and bring LIGHT. Words of faith, words of hope, because God watches over His Word to perform it – to bring it to pass.

God declares: **So shall My word be that goes forth from My mouth; It shall not return to Me void, But it shall accomplish what I please, And it shall prosper in the thing for which I sent it.(Isa.55:11)** God is saying here that His Word will always produce that which He has intended it to produce. It will never fail, so when we speak His Word in any given situation, we must remember that it is HIS WORD which we are speaking with faith in our hearts, and because of this, we can expect it to be honoured by God Himself. **(Rom 10:8) But what saith it? The word is nigh thee, even in thy mouth, and in thy heart: that is, the word of faith, which we preach;**

The Lord says in **Psalm 89:34: My covenant will I not break, nor alter the thing that is gone out of My lips.** And in Malachi 3:6, God declares: **For I am the LORD, I change not;**

Let us consider for a moment the way in which the "world" and the devil have conditioned us to speak. Without stopping to think, we automatically speak that way. We say things such as: "I am sick and tired", "Nothing good ever happens to me", "I am afraid that wherever I go trouble always seems to follow me", "When I pray it doesn't seem to help, it feels as though God never hears me, it is as if my prayers only go as far as the ceiling", "God seems so distant", "I pray for my family to be saved, but it seems to have no effect." These are all lies of the enemy, and totally opposite to what God's Word says about us, and yet we do not watch our mouths! If, however, we were to speak the Words of God over our circumstances, this is what we SHOULD be saying: **No inhabitant shall say, I am sick (Isa. 33:24)** and **by the stripes of Jesus we are healed (Is. 53:5)**, therefore sickness is not my portion, the price has been paid by Jesus on the cross of Calvary. **God will not withhold any good thing from them that walk uprightly (Psalm 84:11)** and **He has delivered me from all my fears (Psalm 34:4)**. **The eyes of the Lord are upon the righteous, and His ears are open unto their cry (Psalm 34:15)**. **The Lord hears and delivers them out of their troubles (Psalm 34:17….** and He does it for me, too!

One of Satan's most effective snares is to lie and put doubt in the believer's mind, and the children of God believe his lies so readily that they continually proclaim negative words of failure, which in turn produce diminished faith, and lead to defeat in their lives. This attitude of despondency and negativity is fed by these destructive words as they are continually repeated. Remember the words we read in **Mark 11:23: For assuredly, I say to you, whoever says to this mountain, 'Be removed and be cast into the sea,' and does not doubt in his heart, but BELIEVES that those things He SAYS will come to pass, he will have whatever he says.** The key to the truth of this scripture lies in the words "**BELIEVES"** that those things He "**SAYS"** will come to pass, He will **HAVE** whatever He **SAYS**. Our mouth speaks what our heart believes, and therefore we know exactly what is in our heart by the words we utter. Jesus said: **A good man out of the good treasure of his heart brings forth that which is good; and an evil man out of the evil treasure of his heart brings forth that which is evil: for of the abundance of the heart his mouth speaks. (Luke 6:45)** What a man believes in his heart, will come out of his mouth!



UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in die Here,

Mei is 'n pragtige tydperk in Natal. Die geweldige hitte en vogtigheid is vervang met lieflike, gematigde dae. Dit is altyd 'n vreugde om te lewe in diè deel van die wêreld gedurende die Herfs en Winter maande. Nie te warm nie en nie te koud, net gemaklik.

Dit mag goed en wel wees vir die weer, maar wanneer dit by die Kerk of die Here Jesus Christus kom, dan sê Jesus: **Ek ken jou werke, dat jy nie koud is en ook nie warm nie. Was jy tog maar koud of warm! Maar nou, omdat jy lou is en nie koud of warm nie sal ek jou uit My mond spuug.** Openbaring 3 vers 15-16. Wat Hy in werklikheid sê is, Hy sal eerder wil hê ons moet **Warm of Koud** wees, maar om **Lou** te wees is nie vir Hom aanvaar nie.

Ons Hemelse Vader het weereens die belangrikheid van hierdie stelling vir ons geopenbaar. Ons het die patetiese toestand onsekerheid, ongeloof, vrees en geen oorwinning in die lewe van diè wat eerder aan tradisie of menslike leerstellings klou, in die koue tradisionele kerke, eerder dan om te glo en te reageer (doen) op die opdragte en waarhede van die Bybel. Dit is ondenkbaar dat baie mense meer beskerm voel en tuis is in "godsdienstige hokke" met min waarheid, en baie rituele en leerstellings wat diè waarheid vervang het. Wat hulle prys gee is om die waarheid en wonderlike Woord van God wat oorwinning, verlossing, genesing en Lewe bring! Nie teenstande hoe sleg die **Koue Kerk** is, die **Lou Warm Kerk** is erger. Dit is die een wat Jesus uitgespoeg het. Diè kerk wat eens die waarheid geken en ondervind het, met wonderwerke, krag en die teenwoordigheid van die Lewende God, en opgewonde was oor Sy wonders, krag en voorsiening het nou terug geval voldaanheid, ondankbaarheid, kragteloosheid en hardloop agter elke leuen en onskriftuurlike leer wat deur die sogenaamde kerk leiers en profete gebring word as "herlewing", met hulle wêreldse metodes. Die Goddelike vrees, respek en eerbied vir ons Hemelse Vader bestaan nie meer nie. Hy is net daar om mense se fisiese begeertes te versadig. Hierdie **Lou Warm Kerk** is vol van die wêreld en daar is baie min verskil tussen die twee. Waar is die Groot Opdrag wat Jesus aan Sy dissipels gegee het net voor Hy opgevaar het, in Markus 16? Waar is die respek en Heilige Lewe? Hierdie is nie opvallend in die **Lou Warm Kerk** wat gedurig besorg is met mammon en getalle. **Meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God** (2 Tim. 3:4)

Maar prys die Here daar is die oorblyfsel van die **Warm Kerk** vandag. Die gesalfde kerk. Die Bruid van Jesus Christus wat Haarself voorberei vir Haar komende Bruidegom. 'n Kerk vol liefde en bewoë vir die Here wat Haar gered het teen so 'n hoë prys op Golgota. 'n Kerk wat met opgewondenheid praat van die voorsiening en wonders wat Haar God daagliks in Haar midde doen. 'n Dankbare Kerk, 'n vreugdevolle Kerk wat oorloop met geloof in hulle Onveranderlike, Ewige God. Daar is geen te kort van God vresendheid en eerbied teenoor hulle Hemelse Vader nie. 'n Kerk wat Haar hand uitsteek na die verlore skape, en wat desperaat is om verlore siele te red. Die Kerk wat weet dat die Bruidegom die prys betaal het, sodat Ons Hemelse Vader se begeerte nl. dat **"Nie een siel verlore sal gaan nie",** 'n werklikheid sal word! Want die koms van die Bruidegom is naby.

Loof die Here dat in hierdie laaste dae, net soos Jesus gesê het sal daar 'n **Warm Kerk** wees, ywerig en nugter wat wakker en biddend Sy koms verwag. Ongelukkig saam met hierdie **Warm Kerk** bestaan die **Koue Tradisionele Kerk** en die **Lou Warm** teruggevalle, apostiese kerk. Laat ons vandag 'n besluit neem om altyd 'n deel van die ware warm kerk te wees wat uiteindelik eendag saam met Jesus vir ewig sal regeer. Dit is my gebed vir almal van ons.

Ons wil weereens almal baie bedank vir julle gebede en ondersteuning op elke wyse, want julle ondersteuning maak dit vir ons moontlik om aanhoudend na diè wat verlore is uit te reik, en om vir soveel siekes en mense in nood die wonderlike waarheid van die Goeie Nuus van Ons Kosbare Jesus Christus te verkondig en met God se gawe van genesing te kan bedien. Ons waardeer opreg julle liefde en voortdurende aanmoediging en gebede!

Mag God julle ryklik seën.

Baie liefde groete.

MEG EN DIE GEBEDSPAN

.

KENNISGEWING

Ons het ‘n lys beskikbaar van boeke en Cd’s met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of ‘n bestelling wil plaas,kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kanfaks of E-pos.

Dit het ook volledige inligting hoe om ‘n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is:
stangerchristiancentre@gmail.com

en ons
faks nommer is:
(032) 552 5411

Ons het ook ‘n
i n t e r n e t a d r e s e n d i t i s :
www.stangerchristiancentre.com,
u kan al onsboeke daarop sien en hulle kosteloos aflaai.

Ons Bankbesonderhede is:

Stanger Christian Sentrum,
Eerste Nasionale Bank,
53730091667,
Kode: 220129

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

ONS GOD VAN WONDERWERKE…

Goeiemiddag geliefdes by die Sentrum,
In aansluiting by die e-pos hieronder wil ek julle vertel van die wonderwerk wat ons Getroue Hemelse Vader verrig het. Hennie Kruger is gesond en nou al vir meer as ’n maand, tuis. Terwyl hy in intensief was het net mooi alles wat kon verkeerd gaan, verkeerd gegaan. In die e-pos hieronder verduidelik ek alles. Wat ons nou agterna gehoor het was, die internis het vir sy familie, wat elke dag daar was, gesê, “ons doen wat ons kan julle moet bid”. Later het hy na hulle toe gekom en gesê “ek weet nie meer wat om te doen nie, bid asseblief” en ten laaste op die dag wat Hennie Kruger uit die hospitaal ontslaan is, het hy by sy bed kom sit en gesê “Hennie, die feit dat jy vandag nog hier is, is net ’n wonderwork van Bo. Menslik gesproke kon ons eintlik niks meer vir jou doen nie” Prys ons Hemelse Vader en on Verlosser Jesus! Persoonlik glo ek ’n mens moet nie eers hospitale en dokters nader nie, mens moet net vertrou dat God jou kan en wil genees, maar, hier is nou die wonderlike getuienis van ’n dokter wat moes erken dat net gebed hierdie man se lewe gered het. Dankie weereens dat julle altyd saam met ons bid wanneer ons dit vra.
Baie,baie liefde,

Hennie & Elaine Maartens van Tzaneen

Geagte Meg en Span,
Baie dankie vir jul gebede….Prys die Here..net 1 Week toe voorsien God die onmoontlike,,kan se beter as wat hul verwag het….baie,baie dankie vir jul gebede wat God beantwoord het…Mag Jesus jul so seen… veral met fanasies en gesondheid…
Ek bid DEUT 28…se seeninge op jul almal af…mag dit reent oor julle soos elke druppeltjie water wat Jesus stuur…!!!!!!!!!!!!
Liefde groete..

Meisie Jacobs..

Ns..se mense moet nie moed verloor nie,,,ek se nou so jul altyd moed inpraat…By God is niks onmoontlik nie….PRYS DIE HERE!!!

Geagtegebedspan,
Ek groet u in Jesus naam!!! Dierbares sê net saam met my dankie vir die Here omdat die uitslag van my dogter se toetse vir kanker is normal, daar is niks verkeerd met haar nie. Prys die Here dankie span!! Hallelujah God is goed
Groete aan almal

Marilyn